Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanning

Verwysing: 20211001-6343
Lêerno.: 8/5/8/P
Navrae: WJ Jantjies

Omsendbrief: 0069/2021
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en lede van beheerliggame

Kort opsomming: *Toestemming vir WhatsApp-groepe ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013).*

**Onderwerp: WhatsApp-groepe en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013)**

1. Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) het amptelik op 01 Julie 2021 in werking getree en die grasietydperk van een jaar vir die implementering hiervan het op 30 Junie 2021 verstryk. Die POPIA hou verantwoordelike partye aanspreeklik vir die verantwoordelike verwerking van inligting wat die versameling, bewaring en deel van persoonlike inligting van die persoon waaroor die data gaan, mag behels, dit wil sê die persoon/persone op wie die persoonlike Inligting betrekking het. Verantwoordelike partye, soos die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is nou wettiglik verplig om persoonlike inligting teen ongematigde toegang, verwerking, wysiging, of vernietiging te beskerm.

2. Dit is algemene praktyk dat werknemers van die WKOD WhatsApp-groepe skep om doeltreffende werkreëlings binne die organisasie te tref. Wanneer werknemers by 'n Whatsapp-groep gevoeg word, is hulle name, selfoonnommers en profielfoto's outomaties vir ander lede van die groep sigbaar. Aangesien name, selfoonnommers en persoonlike foto's volgens die POPIA as persoonlike inligting geag word, moet toestemming verkry word om hierdie persoonlike inligting met die res van die groep te kan deel. Ten einde aan die POPIA te voldoen, moet die administrateur van werkverwante WhatsApp-groepe dus toestemming vir lidmaatskap van die werknemer verkry.

Wharfplein-noord 1, Laer Loopstraat 2,
Strandgebied, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2000 Faks.: +27 21 483 7658

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
Veilige Skole: 0800 45 46 47
wcedonline.westerncape.gov.za

3. **Riglyne vir WhatsApp-groepe (vir werkverwante doeleindes)**

Hierdie riglyne is slegs van toepassing op **werksverwante** WhatsApp-groepe.

3.1 **Bestaande werksverwante WhatsApp-groepe**

Ten einde toestemming van groeplede te verkry om hul lidmaatskap van die groep voort te sit, moet die administrateurs van die groep so spoedig moontlik 'n boodskap hieroor plaas. 'n Voorbeeld van sodanig boodskap is soos volg:

**Toestemming vir lidmaatskap van WhatsApp-groepe**

*Beste groeplede*

*Die doel van die POPIA, 2013 (Wet 4 van 2013) is om persoonlike inligting te beskerm. Die wet het op 01 Julie 2020 in werking getree en die grasietydperk van een jaar vir die implementering hiervan het op 30 Junie 2021 verstryk. Ingevolge die POPIA, word name, selfoonnommers en profielfoto's as persoonlike inligting geklassifiseer. Aangesien u 'n lid van hierdie groep is, kan ander lede van hierdie groep u naam, selfoonnommer en profielfoto sien. Om te verseker dat die genoemde wet nagekom word, moet u instem om deel van hierdie groep te wees en dus u persoonlike inligting met ander lede van die groep te deel. As u instem tot die voortgesette lidmaatskap van die groep (en om u naam, selfoonnommer en profielfoto met ander lede van die groep te deel), reageer asseblief op hierdie boodskap en dui u toestemming aan. As u egter **nie** meer deel van hierdie groep wil wees **nie**, moet u hierdie boodskap ignoreer of duidelik aandui dat toestemming geweier word. As u nie binne een week toestemming gee of hierop antwoord nie, sal die groep se administrateur u van die groep verwyder.*

*Die uwe*

*Administrateur van die Groep*

3.2 Lede wat nie uitdruklik toestemming gee in reaksie op hierdie boodskap nie, moet deur die groep se administrateur van die groep verwyder word.

4. **Om nuwe WhatsApp-groepe vir werksverwante doeleindes te stig**

4.1 Wanneer 'n nuwe WhatsApp-groep geskep word, moet potensiële lede privaat gekontak word om toestemming te gee om hul persoonlike inligting (naam, selfoonnommer en profielfoto) op die groep te deel voor hulle by die groep gevoeg word.

4.2 Dit is raadsaam om eerder 'n skakel na die WhatsApp-groep te stuur as om lede direk by die groep te voeg.

4.3 Die groep se administrateur moet seker maak dat alle nuwe lede toestemming gegee het om deel van die WhatsApp-groep te wees.

5. Vind asseblief aangeheg Bylae A, *Wenke vir die gebruik van WhatsApp met betrekking tot die nakoming van POPIA*.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2021-11-02